

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 4 JUNIE 2014 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 04/2014

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Johann Muller geopen waarna die voorsitter al die lede en gaste verwelkom. Mnr Eric Louw, Munisipale Verteenwoordiger Mosselbaai word ook hartlik verwelkom. Die Voorsitter gee ook elke verteenwoordiger die kans om hulself voor te stel. Ray Saul word ook verwelkom as verteenwoordiger vir Reebokhoogte.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Len Rauch		Tergniet
Pieter le Roux		Kleinbrak
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Ray Saul		Reebokhoogte
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Jan Roets		Tergniethoogte
Des Muller		Riverside
Terrie Terblanche		Riverside
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Chris Pretorius		De Lange Uitbr

2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Mnr Eric Louw	Munisipaliteit
Rozain Hansen	Munisipaliteit

2.3 Afwesig met verskoning

Charl De Wet	Kleinbrak
Jennifer Williams	Toekoms
Lavinia Lunow	Fraaiuitsig
Charl Coetzer	Fraaiuitsig
Lydia Havenga	Bewarea
Frans de Graaff	Munisipaliteit
Kaylene Taute	Munisipaliteit

3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Rdh Kalie Smit (14 Mei), Rozain Hansen (23 Junie) en Lavinia Lunow (28 Junie) met hulle verjaarsdae.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</p> <p>Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur.</p>	Lede
5.	<p>MUNISIPALE BESOEK: MIDBRAK WATERGEHALTE EN KOPER-PYPE</p> <p>Die voorsitter verwelkom Eric Louw en bedank hom vir sy kosbare tyd om die vereniging te kom toespreek oor 'n baie belangrike punt wat die gebied kelder al vir maande en aan die toeneem is. Die voorsitter gee vir almal terugvoer oor die afgelope tyd se prosesse wat gevolg is, asook die gebeure. Hy noem ook dat die vereniging die area loodgieters naamlik Pigs hier gehad het om hulle agtergrond van gebeure aan die komitee voor te hou. Verskeie watergehalte verslae en studies is gedoen en bestudeer wat aandui dat ons water 100% skoon is, volgens wetlike voorskrifte. Daarmee kom wel 'n korosie medium voor waarvoor 'n daadwerklike oplossing gevind moet word. Die Munisipaliteit het na aanleiding van ons versoek laat weet dat hulle ook 'n onafhanklike Water gehalte spesialis aangestel het verslag sal lewer. Weens die intense ondersoek het die Munisipaliteit solank terugvoer verskaf waar Mnr Eric Louw aan die woord gestel word.</p> <p>Mnr Louw noem aan die lede dat die verslag nog in proses is en dat die spesialis wat aangestel is, 'n WNNR kundige is van Stellenbosch. Hy is 'n navorser op verskeie gebiede en is deur vele aanbeveel. Die Munisipaliteit het alle verslae en rekords oor die afgelope jare se watergehalte monsters aan hom oorhandig. Die Munisipaliteit het ook met hom vergader rondom die vordering van sy projek asook 'n vergadering met al die Loodgieters in die area gehad. Hy gee verder breedvoerig terugvoer oor die ondersoek asook moontlike 'Pit' korosie wat gaatjies in die koperpype veroorsaak, asook die vordering deur die spesialis. Eric noem ook dat die spesialis geakrediteer is en sy verslag word verwag teen einde Junie.</p> <p>Al die verteenwoordigers kry geleentheid om vrae te vra. Johann Muller noem dat waterdruk ook 'n rol kan speel. Frik noem dat hy daaglik waterfilters orals vervang en dat sediment sigbaar is. Kruger noem dat in al vier gevalle die korosie voorkom in vertikale pype. Terrie noem dat die opvangsgebied vir die Robertson dam die suiwerste water bevat en bruin van kleur is. Eric verseker die lede dat die spesialis na alle moontlike oorsake kyk.</p> <p>Die voorsitter bedank Eric en die Munisipaliteit vir hulle hulp en ondersteuning mbt die krisis wat Midbrak area getref het en versoek dat hulle ons moet kontak sodra 'n oplossing gevind is.</p>	Eric / Lede
6.	<p>AANVULLENDE AGENDA</p>	
6.1	<p>Nuwe Aanbouings Powertown.</p> <p>Die Voorsitter noem dat die punt op die aktiwiteitslys is en gemonitor word. Johann Muller het 'n klagte ontvang vanaf Powertown Lede dat nuwe dubbelverdieping struktuur opgerig word. Die Voorsitter het die</p>	Johann / Frans

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.2	<p>Bou Inspekteur Frans De Graaf verwittig, wat sou ondersoek instel. Hy noem ook dat dit 'n Nasionale funksie is, maar Frans De Graaf verwittig die nodige departemente.</p> <p>Donasie aan Pikkewyn Organisasie en Midbrak Bewarea bloots-telling.</p> <p>Die Voorsitter noem dat hierdie 'n gulde geleentheid is om betrokke te raak by die organisasie. Hulle verrig 'n belangrike navorsing en rehabilitasie taak van beseerde voëls, soos pikkewyne. Hy stel voor dat die Vereniging en Bewarea 'n bedrag aan hul skenk. Ons Midbrak area dek 'n groot kus gedeelte. Die saak kan media dekking kry vir Bewarea bewuswording veldtog en dat Midbrak ook besorgd is oor bewaring van die natuur. Ons kan nie net altyd ontvang nie en dat ons ook moet betrokke raak. Frik en Lydia sal besoek reel. 'n Bedrag van R500 word goedgekeur.</p>	Frik / Lydia
6.3	<p>Aanstelling Media verteenwoordiger en Half jaarlikse MBBV Nuusflits.</p> <p>Die Voorsitter noem dat die MBBV 'n media verteenwoordiger moet kry wat alle nuusflitse en media aksies kan hanteer. Hier is baie nuwe intrekkeers en nie almal word bereik nie. Len noem dat die koerante ons kan help waar moontlik. Johann Muller noem dat dit die ideale funksie is van die nuwe sekretaris. Anton noem dat indien daar hulp benodig word, lede aangewys sal word.</p>	Lede
6.4	<p>Koop van Staalkas.</p> <p>Die Voorsitter noem dat daar 'n groot behoefte is vir 'n staalkas en dat hulle baie skaars is en dat nuwe kaste onbekostigbaar duur is. Hy het een opgespoor; die kas se slotte moet net vervang word. Uitgawe mag aangegaan word.</p>	Anton
6.5	<p>Moontlike uitbreiding van Midbrak Area: Eureka Park en Suiderkruis ook in te sluit by MBBV</p> <p>Len Rauch het die voorstel gemaak dat Eureka Park en Suiderkruis by die Midbrak Buurtwag ingesluit word en dat daar na die moontlikheid gekyk moet word om hulle ook by die MBBV in te sluit.</p> <p>Die Voorsitter noem dat Eureka Park sy eie Huiseienaarsvereniging het. Die saak sal eers goed ondersoek word en voorgelê moet word. Johan Lotter noem dat Suiderkruis jare terug ook BBV gehad het. Johann Muller noem dat die MBBV groot waarde kan toevoeg tot Eureka Park. Daar is ook genoem dat Eureka Park se Huiseienaarsvereniging se Sekretaresse aangebied het om ons te help.</p>	Len / Anton
6.6	<p>Sekretaris/Notuleerder MBBV</p> <p>Die Voorsitter noem dat na aanleiding van ons MBBV koerant artikel asook sekretariële pos advertensie, Francois Berry, DA Mosselbaai/Hessekwa Bestuurder hom genader het oor die posisie. Hy woon ook in Reebok en wil graag BBV ondervinding opdoen.</p>	Des / Anton

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.7	<p>Des Muller noem dat hy bereid is om sy deel te betaal vir die belangrike taak wat 'n sekretaris lewer. Die lede het ook geen beswaar indien die sekretaris nie 'n huiseienaar is nie.</p> <p>Die Voorsitter noem weer dat Dorothy Barnard uitstekende werk gelewer het vir die MBBV deur die jare. Die nuwe persoon moet die passie en eienskappe he om die posisie te regverdig.</p> <p>Verkeers probleme hv Impala & De Jager Straat.</p> <p>Die voorsitter noem dat 'n klage ontvang is oor die hoeveelheid motorige wat gald nie stop by stopstraat nie. Dit is baie gevaarlik. Die inwoner stel voor dat daar gekyk moet word na spoedwalle. Die MBBV het al op verskeie kere sulke versoeke hanteer en die ondersoek moet deur die Munisipaliteit hanteer word. Kruger noem dat die probleem orals voorkom. Daar was al in die verlede gevra vir toegee tekens, maar was afgewys deur vorige Gemeenskap Veiligheids Hoof, Mnr Viljoen. Die ondersoek kan weer op die GOP voorgelê word. Frik sal brief opstel.</p>	Kruger / Frik
7.	<p>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</p>	
7.1	<p>Midbrak Ontwikkeling – R102 & N2.</p> <p>Die voorsitter noem dat daar weer briewe in die koerant was asook kommentaar deur die Munisipaliteit. Hy noem ook dat Min Bredell self hier was en ons meegedeel het oor sy goedkeurings proses. Hy het Deon Potgieter en Johan Lotter uitgenooi om met hom kontak te maak oor die saak. Die Munisipaliteit het tot dusver geen aansoek ontvang vir hersonering van Landbou grond vir ontwikkeling nie, dus bly die area landbou grond en dit is die boer se reg om te maak op sy grond na goeddenke. Indien daar aansoek gedoen word sal daar weer 'n publieke deelname proses wees waartydens die Vereniging die proses sal volg.</p> <p>Volgens Johan Lotter moet die ontwikkelaar binne 5 jaar aansoek doen by die Munisipaliteit. Hy vergelyk die saak met Lagoon Bay en die prosesse wat gevolg moet word.</p> <p>Verskeie aannames word gemaak in die gemeenskap en die boer het ook sy regte. Die BBV kan net reageer op amptelike feite en sodra daar amptelike publieke deelname proses is, daarop reageer.</p>	Anton / Lede / Johan
7.2	<p>Water Gehalte en Koper pype.</p> <p>Sien Para 5 vir volledige bespreking.</p>	
7.3	<p>Bywoning van munisipale komiteevergaderings vir 2014</p> <p>Mike en Lavinia het bygewoon op 09 April 2014.</p>	Mike / Lavinia
7.4	<p>Onwettige ingang vanuit Impalalaan – Erf 1155</p> <p>Frans afwesig, staan oor tot volgende keer.</p>	Frans De Graaff

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.5	<p>R102 - Skoonmaak van sypaadjies – Eden Distrik Munisipaliteit.</p> <p>Die Voorsitter gee agtergrond. Saak sal met nuwe Minister bespreek word. Rdl Gerber het ook weer saak met Mnr Ottervanger bespreek, hy het genoem dat dit prioriteit is met nuwe begroting. Terry noem dat daar al drie mense tot sterwe gekom het op die pad.</p>	Anton / Gibo
7.6	<p>Pad na Powertown / bootlanding</p> <p>Nog geen terugvoer is ontvang van die Munisipaliteit/Eden nie. Saak is ook op twee forums aangemeld.</p>	Anton
7.7	<p>Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg</p> <p>Frans afwesig, saak staan oor.</p>	Frans De Graaff
7.8	<p>Kusweg – rigting Kleinbrak: Kompaktering van informele voetpad vanuit Reebok na Kleinbrak</p> <p>Kruger sal fotos neem en motivering sal weer deurgegee aan Munisipaliteit vir ondersteuning.</p>	Anton / Kruger / Rozain
7.9	<p>Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens</p> <p>Saak sal ondersoek word.</p>	Anton / Rozain
7.10	<p>Onwettige storting van grond te Steenbras Straat no 11 en Noordsig Laan.</p> <p>Frans afwesig, terugvoer sal verkry word. Mike bevestig dat daar geen verbetering is nie, en dat daar 'n watermeter aangebring is.</p>	Frans / Mike / Rozain
8.	<p>WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5</p> <p>Geen terugvoer.</p>	Charl /Johann
9.	<p>PROJEKTE</p>	
9.1	<p>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/monitering</p> <p>Herseel en toestand van Hildegard Laan. Sal op program geplaas word. Haal af.</p>	Rozain / Frik
9.2	<p>Skoonmaak van erwe</p> <p>Wag nog op terugvoer oor Erf 391 Kusweg. Johann Muller gee terugvoer. Mbt 785 en 784 Seekatstraat moet nog terugvoer gekry word. Len Rauch noem dat Snoekstraat ook baie aandag nodig het. Ray vra wat die proses is om eienaars kennis te gee. Die voorsitter verduidelik die proses. Ray noem dat daar 'n publieke area is in Seesterlaan wat aandag nodig het, was 7 jaar laas skoon gemaak.</p>	Len / Johann / Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	Oesterlaan is daar ook erwe wat aandag nodig het. Johann noem dat baie eienaars oorsee bly en dit baie moeilik is om kontak te maak. Kruger noem dat die lede die sms nommer moet gebruik vir die rapportering van klagtes (sms 37285). Lede bedank die Munisipaliteit vir hulle hulp en ondersteuning.	
9.3	Rampbestuur	
	Getekende Plan sal geepos word.	Anton
9.4	Hersiening van straatname in die gebied en kartering van nuwe uitbreidings.	Len / Charl / Kalie
	Len gee terugvoer rondom die proses en lê ook die straat kaart voor aan die lede vir bespreking.	
10.	FINANSIES	
	Daar is tans R8883.10 in die Rekening. Kleinkas nog onveranderd. R30 Lidmaatskap fooi ontvang van Mnr vd Westhuizen. Geen gelde is uitgegee nie. Besigheidskaartjies is beskikbaar vir nuwe lede.	Anton / Charl
11.	POLISIËRING / BUURTWAG	
	Len Rauch gee terugvoer en bedank Johann Muller dat hy die kommunikasie probleem met die Polisie Bevelvoerder uitgesorteer het.	Len / Terry / Johann
12.	BEWAREA	
12.1	<u>Witdoodhaai Navorsing.</u> Geleentheid sal gereel word.	Anton / Frik / Lydia
12.2	<u>Bewarea banksake.</u> Terugvoer staan oor.	Frik
12.3	<u>Tuinbou Kompetisie.</u> Terugvoer staan oor.	Lydia
12.4	<u>Geen oornag fasiliteite en Motors op die Strand Borde.</u> Terugvoer staan oor.	Rozain / Frik
13.	PLAASLIKE SAKE	
13.1	De Lange Uitbreiding	Chris
13.1.1	<u>Lang Gras.</u> Dank en waardering, gras en bosse gesny.	Rozain / Chris
13.1.2	<u>Lae Waterdruk.</u> Wag nog vir terugvoer. Nr 10 Heuwelsig Laan.	Rozain / Chris
13.2	Fraaiuitsig	Lavinia/ Charl
13.2.1	Seashellstraat waterdruk baie swak. Munisipaliteit soek meer inligting, Lavinia sal gekontak word.	Rozain / Lavinia
13.2.2	Charl noem dat die swartsakke se gehalte baie swak is. Die persoon	Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
13.3	<p>wat die klagte het moet dit terugneem en sal vergoed word. Rozain noem dat deurlopende gehalte prosesse gevolg word.</p> <p>Klein-Brakrivier</p>	Pieter / Charl
13.3.1	<p>Blouvlag status</p> <p>Pieter noem dat die bourommel nog nie verwyder is nie, nadat die Munisipaliteit bevestig het dat dit verwyder is. Rozain volg op.</p>	Anton / Rozain / Pieter / Kruger
13.4	<p>Reebok</p>	
13.4.1	<p>Noord van die spoorlyn</p> <p>Onkruid is nog steeds in die Strate. Rozain noem dat die Munisipaliteit aksie gaan neem.</p>	Johan Lotter
13.4.2	<p>Suid van die spoorlyn</p> <p>Geen probleme om te rapporteer nie. Die voorsitter vra ook oor die area waar die treinongeluk was en Johann bevestig dat alles mooi skoon is en gerehabiliteer is.</p>	Johann Muller
13.5	<p>Reebokhoogte</p>	Kruger De Wet
13.5.1	<p>Sluit van elektriese kaste</p> <p>Rozain noem dat sy die slot kwessie weer sal opvolg.</p>	Rozain
13.5.2	<p>Groenkloof Anex 2 – Sypaadjies</p> <p>Die voorsitter noem dat die area se toestand baie sleg is. Rozain noem dat hulle reeds besig is met die area.</p>	Rozain
13.6	<p>Reebokrif</p> <p>Geen probleme om te rapporteer nie.</p>	Frik Nel
13.7	<p>Riverside</p> <p>Terrie bedank die Munisipaliteit dat hulle hulle krag so vinnig herstel is. Daar is 'n oop slot in 2de Laan wat dringend aandag nodig het. Rozain sal rapporteer.</p> <p>Des noem dat hulle baie onkruid het in die Riverside ontspanning area. Die nuwe toilette werk 100% en hulle bedank die Munisipaliteit.</p>	Des Muller
13.8	<p>Tergniet</p> <p>Len noem dat die Randsnyers wat die gras sny, klippe optel en terugskiet na die wonings.</p> <p>Len noem ook dat daar 'n gat in die pad is op die h/v Van Zyl en Impala.</p>	Len / Anton

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
13.9	Tergniethoogte	
13.9.1	Reeds bespreek.	Rozain / Bertie / Frans / Mike
13.9.2	'Mike Wray Blvd rylaan' (Tergniet se hoofingang vanuit R102) geniet aandag.	Rozain / Mike
13.10	Toekoms Geen probleme om te rapporteer nie.	Jennifer
14.	KORRESPONDENSIE & ALGEMEEN	
14.1	Die Voorsitter bedank alle lede persoonlik asook die Raadslede en Rozain vir hulle bydrae. Johan Lotter noem dat Francois De Wet, vorige Voorsitter, oorlede is. Brief sal aan die familie gestuur word.	
15.	VOLGENDE VERGADERING Woensdag, 2 Julie 2014 - 13:00.	
16.	VERDAGING Die vergadering verdaag om 16h00. ANTON DELLEMIJN NOTULEERDER GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 5/2014 GEHOU OP 02 JULIE 2014 – 13:00. ANTON DELLEMIJN VOORSITTER	